

INFORMELE DIENS 21 OKTOBER 2012

Bekendstelling – ds Coetzee

Gebed, Lofliedere

Veneto:

Groet en Gebed

Wet: Ons moet nooit vergeet dat ons God nie kan manupileer nie, dat ons hom nie om die bos kan lei nie – Hy sien dwarsdeur ons en ken elke hoekie van ons hart en gedagtes. Daarom moet ons oppas om te dink dat ons God gelukkig maak met ons sang of lofprysing, terwyl ons lewens, harte, gedagtes, ons werk, besittings en geld nie ten volle aan hom behoort nie. Luister wat sê die Here vir Sy volk in Jes 43:22-25 :

Jesaja 43 (AFR1983)

22 Maar jy het My nie aangeroep nie, Jakob, jy het nie moeite gedoen om My te dien nie, Israel.

23 Jy het nie vir My kleinvee as brandoffers gebring, My nie met offers vereer nie; Ek het jou nie belas met graanoffers nie, jou nie die moeite aangedoen om vir My wierookoffers te bring nie.

24 Jy het nie geld uitgegee om vir My wierookoffers te koop nie, en jy het My nie met die vet van offers verkwik nie. Intendeel, jy het My belas met jou sondes, jy het My moeite aangedoen met jou oortredinge.

25 En tog is dit Ek wat jou opstandigheid vergewe. Ek is getrou aan Myself, Ek dink nie meer aan jou sondes nie.

Ons moet nie dink die vergifnis is VANSELFSPREKEND

nie. God HOEF nie te vergeef nie. MAAR: ons hoef ook nie in vrees te leef dat ons nie vergifnis sal ontvang as ons dit in die NAAM van JESUS CHRISTUS van God afbid nie!

GELEENTHEID VIR STILGEBED VIR SKULDVERGIFNIS

SKRIFLESING: JESAJA 53:4-12

PREDIKING: Die profeet Jesaja skryf in hierdie hoofstukke oor die volk Israel, sy dienaar, en hoe die wêreld sal sien dat Israel eintlik die enigste volk was wat getrou gebly het aan God. Dis natuurlik al wyse waarop die Jode tot vandag toe nog hierdie Skrifgedeelte verstaan. Die Jode ontken heeltemal dat hierdie Skrifgedeelte ook na Jesus kan verwys.

Aan die een kant is hulle natuurlik reg – dit is die oorspronklike betekenis van hierdie gedeelte. Die profeet Jesaja moes vir Israel kom vertel: “jy is die dienaar/dienskeg van God. Jy gaan nou deur baie moeilike tye, maar jou tyd sal kom dat almal sal sien dat jy eintlik my spesiale volk is”.

Israel is verneder. Hulle was so propvol vertroue dat hulle God se volk is en dat God net goedheid en genade na hulle sal laat kom, dat hulle opgehou het om vir God lief te wees en Hom te gehoorsaam. Hulle het soms deelgeneem aan ander godsdienste. Hulle het besigheid begin doen soos die wêreld rondom hulle. Hulle het ook ongeskik, genadeloos en selfs oneerlik geraak soos die wêreld rondom

hulle. Hulle het nie meer hulle TIENDES vir God gebring nie.

Toe straf God hulle. Hy gee hulle oor in die hand van die ander nasies. Hulle moet vlug. Hulle het nie meer hulle eie land nie. Israel bestaan eintlik nie meer nie – waar die Israeliete gebly het, die plek wat hulle Israel genoem het, is nou ‘n plek wat deur wilde woestynmense en diere bewoon word. Israel is dood. Daar is nog Jode, Israeliete – hulle bly in die bosse in Babilonië en Assirië en ander plekke. Maar daar is nie meer ‘n volk met ‘n koning en ‘n hoofstad nie. Dis asof die Israelitiese volk van God verdwyn het. Net hier en daar bly nog arm mense wat probeer oorleef in die bosse en in ander lande. Die dienaar van God, ly. Die dienaar van God is deurboor. Die dienaar van God is lelik – hy lyk nie na ‘n volk nie, hy lyk soos ‘n boom wat afgekap is en daar is net ‘n dooie stomp oor.

So maak die Here met ons ook in ons lewens. ALLE SWAARKRY KAN NIE HIERDEUR VERKLAAR WORD NIE! LET WEL! Maar soms loop God tog hierdie pad met ons, sy kinders, sy ligdraers, as ons ongehoorsaam geword het, as ons begin het om nie meer vir HOM eerste te stel in ons lewens nie. Dis nie eens asof God altyd hoef “in te gryp” van “buite-af” om ons reg te ruk nie. Nee, waar mens nie lewe soos God dit bedoel het nie, volg die slegte dinge sommer vanself. Waar jy ander dinge net so lief het as vir God, waar jy

dinge maw VERAFGOD, sal daardie dinge verwoestend optree in jou lewe. Waar jy bv geld so lief het, of so op jou eie finansiële beplanning vertrou dat jy nie jou TIENDE vir God gee nie, daar sal jy die gevolge daarvan dra. God hoef nie eens in te gryp nie – die wanbalans wat jy in jou lewe toelaat rondom geld en materiële dinge sal jou self inhaal. As jy God se Woord ignoreer en besigheid doen soos die wêreld daarbuite, waar jy net so ‘n hartelose, ongeskikte baas word soos die nie-Christene, sal dit jou self inhaal.

Dan vind ons onself soms presies waar die volk Israel op hierdie stadium was – gebroke, stukkend, niks in die oë van die ander volke nie. En so moes die volk leer om weer getrou en gehoorsaam te wees. So moet ons soms ook leer om weer terug te kom na God, om te midde van die swaarkry en lyding getrou te bly aan God.

Want HY BLY GETROU! Hy skep LEWE uit die dood. Hy verlaat nie SY VERBOND met ons nie.

Die ander volkere het neergesien op Israel: “Hulle word deur God gestraf – dis omdat hulle die verkeerde God aanbid!” sou hulle sê. “Dis omdat hulle God nie werklik bestaan nie” sou die ander volkere en konings vir mekaar sê.

Die profeet Jesaja se Woord is ‘n Woord van Belofte, van Verlossing en Herstel. Uit die dooie stomp sal daar weer takkies begin groei! Hierdie lelke, veragte ding wat nie meer as mens of as “volk van God” herkenbaar is nie, sal

Herstel word. En almal sal verdwaas staan. Al die nasies sal dit sien, en almal sal besef dat hulle verkeerd was – dat God werklik is, Waar is, en dat Hy self sy volk weer oprig, weer herstel, omdat Hy ALMAGTIG is. Die konings en volke sal sien dat hierdie dienskneg van die Here herstel is, dat hy dood was, maar dat God hom weer opgerig het! Dis die pad wat die Here Jesus ook gestap het as dienskneg van die Here, en dis die pad wat God wil hê dat ons ook moet stap as Sy diensknegte, as verspreiders van Sy Lig! Jesus was ook ‘n “niemand” in die wêreld, nie gebore uit ‘n ryk of beroemde familie nie. Hy was veral in Sy lyding sonder aansien, amper nie ‘n mens nie, soos wat Hy ontmens en verneder is deur die soldate. Ook Hy was dood, maar het weer opgestaan sodat ons Sy nageslag kan wees.

Met hierdie boodskap wil God reeds van die Ou Testamentiese tyd af vir sy volk waarsku, moed inpraat en roep om hulle plek in die wêreld vol te staan. Ons is die volk van God. Ons is gekoop met die bloed van Jesus. Ons word krag gegee deur die Heilige Gees wat Jesus deur Sy krag uit die dood opgewek het. En ons word geroep om God se dienskeg te wees, soos Israel dit moes wees maar grootliks gefaal het en soos Jesus dit volmaak gedoen het. So is dit jou roeping om by die werk of by die skool jou plek as dienskneg van God vol te staan. Jy kan jou rug op God draai, of jy kan gehoorsaam wees en ‘n lig en getuienis vir God wees. Jy kan God eerste stel en Sy

dienskneg en 'n lig vir die nasies wees. Of jy kan God se guns en genade as vanselfsprekend aanvaar, Hom nie dien en gehoorsaam nie, en te gronde gaan, soos iemand wat dood is, nie meer met die lewendes is nie.

Indien jy tans tussen die dooies is. Indien jy jousef herken as die dienskneg van die Here wat weggeval het, wat voel soos iemand wat nie gereken word nie, wat verneder en selfs verbrysel is – kyk na die HOOP wat God gee in Jesus Christus. Jesus is die dienskneg wat getrou was sodat ons weer gereken kan word. Hy is die een wat verneder is sodat ons weer kan opstaan. Hy is die een wat dood was sodat ons kan lewe. Hy gee aan ons die Heilige Gees wat die lewe in ons bring, die Heilige Gees wat ons tot gehoorsaamheid en toewyding bring.

Jesus is God se dienskneg wat die Lig vir die wêreld bring. Jesus is die Lig wat ons lewens verlig, sodat ons OOK getroue diensknegte kan wees wat GOD se lig laat skyn! AMEN!